Die Krugertjie

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108
Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

06 Julie 2014

EERSTE EREDIENS–(9h00)
Skriflesing: 1 Konings 3:1-15
Teks: 1 Konings 3:9a
Sing: Ps 8:1,2; Ps 9:1,7; Ps 10:1,10; Ps 18:11,13

SALOMO SE DROOMWENS

Kom ons dit wat Salomo oor gedroom het, hierdie droomwens van hom nader aan ons bring.

Ons kyk hierna deur eerste te sien dat dit is 'n opvallende keuse. Tweedens hy maak 'n waardevolle keuse. In die laaste plek die onbaatsugtige diepte in die keuse wat hier gemaak

KATKISASIE– Geen katkisasie vandag Katkisasie lesse vir Laerskool op internet beskikbaar by http://bit.ly/JQjBz4

TWEEDE EREDIENS (10h30)
Skriflesing: Johannes 14:1-6;18:28-40; Jakobus 3:1-12
Kategismus: Sondag 43
Teks: Johannes 14:6;18:38; Jakobus 3:5-6
Sing: Ps 34:6; Ps 25:2,5; Ps 89:3,5

WAT IS WAARHEID?

As God nie by 'n saak betrokke is nie, as God nie geken en geglo word nie, dan is daardie saak op sigself al 'n infame leuen, ongeag wat die inhoud van die saak is.

Wie vir die enigste ware God wil uitsluit, sluit die waarheid uit. 'n Saak kan hoe mooi lyk, dit kan in alle opsigte daarna verlang om die waarheid te dien, maar as die enigste ware God uitgesluit word, hy nie gedien word nie, dan is die saak leuenagtig. Sonder God is ALLES leuens.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by http://bit.ly/XmtQM2
Eredienste in klank kan geluister word http://bit.ly/TettoI
Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by http://bit.ly/12P9mzH

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt vandag Wyke 1 en 2 (sluit in susters skinkbeurt)
Ouderlinge: Deon Vosloo en Koos v/d Merwe
Diakens: Pieter Wolmarans en André Koen
Diensbeurt (13/07) (Wyke 4 en 5)
Ouderlinge: Steve Joubert en Frik Eloff
Diakens: Johan Wolmarans en Wynand Du Venage

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Br Andries Badenhorst (Hibiskus-wyk) se suster is onlangs oorlede. Die begrafnis het alreeds plaasgevind. Ons bid vir hom en sr Esmé en hulle familie die troos van die Heilige Gees toe. **Sr Nakkie v/d Merwe** het Maandag groot skade gely deurdat hulle woonstel in Margate aan die brand geraak het. Daar is geweldig baie skade aangerig. Ons vertrou dat dit alles weer so herstel kan word en dat die Here haar deur hierdie ramp mag ly en versterk. **Sr Marthie Steyn** is weer in Eugene marias hospitaal opgeneem. Mag daar weer vir haar beterskap intree. **Br Dries de Ridder** bly in ons gebede in sy swaarkry en benoudheid. Hy is weer terug by die huis. Hy is nog baie swak en kry baie swaar. **Ds. Andries Mulder** wat swaar dae deurgaan bid ons dat die Here hom naby sal wees. Ons dink ook aan **sr Henta** wat hom moet bystaan. Hulle is op die stadium wel met vakansie. **Sr Winnie Lourens** wat behandeling ontvang vir kwaadaardigheid aan haar lip bid ons dat die Here dit mag seën en sy volkome mag genees. **O**p die stadium is dit maar baie seer en sensitief. **Sr Wilma Swanepoel** het ook ''n operasie moes ondergaan. Ons is dankbaar dat dit goed verloop het. Ons bid haar volkome herstel toe. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar.

BESKUITPROJEK

Rondom ons susters. Die blaadjie met al die reëlings vir vanjaar se beskuitprojek was op 8 Jun uitgegee. Dit sal 'n voorreg wees om weer aan almal, 70 jaar en ouer in ons gemeente so 'n beskuitpakkie te gee. Elke jaar is hierin groot werk maar ook besondere liefde in die voorbereiding ter sprake...! As u hiermee wil help of die blaadjie met die reëlings wil bekom kan u sr Christine (0845119620) kontak

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Zambië Instand-houding
13/07/2014 **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Franse Radio-uitsendings Instand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
21/07	Skole heropen
22/07	Finans/Advies vergd
24/07	Kerkraadsvergd

GEMEENTE-KAMP

Ons wil graag almal se aandag vestig op die gemeentekamp wat DV hierdie jaar die naweek van 19-21 Sept. gehou sal word. Die nodige besonderhede is alles op die kennisgewingbord aangebring. Ons is dankbaar vir br Boere wat weer vir ons die reëlings hierrondom in plek kry. Hy kan gekontak word by 0834823303

DIE EVANGELIE: MATTHEüS

Vervolg van verlede week

MATTHEüS 18

18:17, aan die gemeente – In Mat 16:18 het Jesus al gepraat van Sy **gemeente.** Selfs hier volg die Kerkorde die versigtige, Bybelse weg. Uit die Apostel-amp het die nuwe ampte in die gemeentes gegroei. Christus het die Kerkraad daargestel, deur wie Hy die gemeente regeer. Daarom is dit noodsaaklik dat `n Kerkraad mense-oorwegings ondergeskik stel aan die *Woord,* want daardeur regeer Christus Sy gemeente.

Steeds word die naam van die beskuldigde persoon beskerm: Gewoonlik word eers net die *saak* in die Kerkraad gestel, en eers na `n tydsverloop sal die naam openbaar word. Selfs dan sal `n Kerkraad eers komissies aanwys om te gaan praat. Ander mense kan dalk aansluiting vind waar die eerstes iemand nie kon bereik nie.

Die feit dat die saak nou by die Kerkraad berus, kan `n persoon laat begin besef hoe ernstig dit is. Na langdurige volharding in die sonde sal weer versigtig net gestel word dat "iemand" onder `n sekere gebod weerhou word van die sakramente, en by die tweede trap van die tug/vermaning sal `n naam afgekondig word, met die gedagte dat die gemeente saam sal vermaan en vir `n persoon bid. Die afkondiging van `n naam gebeur eers nadat ander gemeentes of die Klassis help oordeel het of die vermaning en volharding dit regverdig dat hierdie krasse stap nou volg.

Soos by Israel (en later: die Jode), vind uiteindelik ekskommunikasie plaas. [**Lees** hierby die Formulier vir die Ban, om die verskriklikheid daarvan te beklemtoon. Lees egter ook die Formulier vir heropname, om te verstaan waarom daar selfs onder die engele blydskap is oor die verlorene wat terugkeer na die Vaderhuis: Die Ban gaan steeds nie uit van die veronderstelling dat daar nie terugkeer kan wees nie.]

18:18, bind . . . ontbind – In 16:19 sien ons dat Jesus al tevore gesê het dat Hy die sleutels van die Hemelryk aan die gemeente gee. Nie dat die gemeente nou `n grootheid word wat veroordeel nie, maar dat **Christus se sleutelmag** deur die gemeente uitgeoefen word *volgens die Woord.* Hy is die eintlike Sleuteldraer, volgens Openb 1:18 en 3:7-12.

18:19, twee van julle saamstem – Paulus het dikwels beklemtoon hoe afhanklikheid hy is van die gemeenskap van ander gelowiges. Die sterke hou die swakkere vas; die kortsigtige word gebalanseer deur die wyer sig van `n ander; een word in sy kleingeloof reggehelp deur `n ander se sterkere geloof.

Wat hulle mag vra – Die bedoeling is nie dat God onvoorwaardelik presies gee waarvoor ons bid nie, en nie altyd op die tyd waarop mens `n antwoord of uitkoms sou verlang nie. Die geloof moet daar wees dat Hy *kan* gee(Jak 1), maar ons moet ook `n Vaderlike "Nee" nederig aanvaar.

Ten deel val – Hierdie woorde gee die versekering dat wat reg en volgens die Woord besluit word (en as die leiding van God gevra word daarvoor), deur die Vader bevestig sal word.

[In die Kerkorde word baie deeglik seker gemaak dat die oophou van die pad om terug te keer benadruk word.

Sake wat nie heimlik is nie, maar in die openbaar die Naam van Christus in gedrang bring, word anders behandel. By `n beskuldiging oor `n misdaad sal die beskuldigde nie sommer veroordeel word nie, maar saam met die versterking van `n lidmaat, sal afhouding van die Sakramente *dadelik* moet kom. Dit is om te waak dat iemand nie `n oordeel oor homself bring nie en ook om te waak oor die heiligheid van die tafel van die Here.

As daar geen teken sou wees dat die gemeente die sondedaad afkeur nie, word Christus se Naam in gedrang gebring. Waar berou uitgespreek en getoon word, sal die afhouding tog voorlopig voortgaan, want die Naam van die Here is in gedrang.]

18:20, in hulle midde – Christus beklemtoon Sy alomteenwoordigheid en alwetendheid.

Vergewensgesindheid

18:21-22, hoe dikwels – Van die Joodse Rabbi's het daarby gestaan dat mens iemand net tweemaal hoef te vergewe oor `n saak, maar daarteenoor bring Christus weer die onmisbare liefde na vore . . . . **"tot sewentig maal sewe toe" –** Dit kan as `n oneindige getal aanvaar word. So dikwels as wat daar berou is, moet ons vergewe. Genade is belangriker as oordeel. Ons moet vergewe, soos God ons vergewe. Hoe oneindig sondig ons nie op één dag teen Hom nie !

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

1 Jul 1872– Pres TF Burgers ingesweer; *1 Jul 1953*– prof. JD du Toit (Totius) oorlede; *2 Jul 1967*– Izak v/d Merwe (Boerneef) oorlede; *2 Jul 1947*– George Weideman gebore; *4 Jul 1777*– Onafhanklikheidsverklaring van Noord-Amerika; *4 Jul 1845*– Jan-Hendrik Hofmeyr (Onze Jan) gebore; *5 Jul 1840*– Ds. Dirk Postma in sy eerste gemeente bevestig Minnertsga Friesland; *5 Jul 1822*– Lord Chalrles Somerset verklaar Engels as enigste amptelike taal in die Kaap; *5 Jul 1882*– Dr. HCM Fourie gebore; *6 Jul 1373*– Kerkhervormer Johannes Huss gebore; *6 Jul 1916*– Audrey Blignaut gebore; *7 Jul 1415*- Johannes Huss sterf marteldood deur verbrand te word; *7 Jul 1980*– Skrywer Johannes Meintjes oorlede; *8 Jul 1858*– Aankoms ds. Dirk Postma in Simonsbaai; *8 Jul 1866*– Ds. Dirk Postma neem afskeid van Rustenburg gemeente; *9 Jul 1991*– SA word tot die Olimpiese beweging hertoegelaat; *10 Jul 1507*– Johannes Calvyn gebore; *10 Jul 1797*– Voortrekkerleier Piet Uys gebore; *14 Jul 1888* – Pres Brand van die OVS oorlede; *14 Jul 1904*– Pres Kruger kom in Clarens Switserland; *16 Jul 1876*– Anneksasie diamantvelde aan Kaapkolonie; *18 Jul 1870*– Rooms-Katolieke pous onfeilbaar verklaar

BEROEPENUUS— op hede geen nuus ontvang nie

GELOWIGE NADENKE OOR DIE HEMEL (7) *Dr. W.H. Velema*

'n Vraag

Uit hierdie beskrywing van die hemellewe kan ons die gevolgtrekking maak dat daar met Jesus Christus as die Lam, gemeenskap sal wees. Die hemellewe sal dus in groot mate deur die aanwesigheid van en omgang met die Lam bepaal word.Dieselfde kan afgelei word uit Openbaring 21:22-23: *"En 'n tempel het ek nie daarin gesien nie, want die Here God, die Almagtige, is sy tempel, en die Lam. En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp"*. Dit beteken dat die hemellewe tot 'n belangrike mate deur omgang met en kennis van Christus as die Lam, bepaal sal word. Die Lam word ook in Openbaring 5: 12-13; 19:7-9; 22:1, 3 genoem. Die hemellewe is dus meer as die paradys. Dáár was nie sonde en dus ook nie die noodsaak van versoening nie. Vir die hemellewe is verlossing uit die skuld en die mag van die sonde kenmerkend. Daarom word in Openbaring so dikwels oor die Lam gepraat. Ek onderstreep weereens die treffende uitspraak van Openbaring 21:23 dat die Lam die lamp van die stad is — Hy vervang die lig van die son en die maan. Op grond van hierdie gegewens kan ons sê dat die geloofsgemeenskap met Christus daar nie net volkome en voltooid is nie, maar ook sentraal sal wees.

Messiaanse tussenspel?

Ek herinner my die standpunt van Prof. A. A. Van Ruler dat daar in die nuwe hemel en die nuwe aarde nie plek is vir Christus as Lam nie: Die oorspronklike paradystoestand keer terug sonder dat die Lam daarin 'n plek inneem. Sy uitspraak oor 'n messiaanse intermezzo, wat wil sê dat die verlossing deur die Lam, histories beskou, 'n tussengebeure is, is bekend. Vir die herinnering en betekenis van die Lam sal op die nuwe aarde nie meer 'n plek wees nie. Die oorspronklike gemeenskap met God, soos dit in die paradys was, keer weer terug. In 'n radiogesprek met prof. Van Ruler oor sy teologie, het ek hom gevra hoe hy oor die plek en betekenis van die Lam, soos dit in Openbaring beskryf word, dink. Hy het my 'n antwoord skuldig gebly. Hoe daardie meerdere, daardie volmaaktheid, vir onssal lyk, kan ons, mense op hierdie aarde, ons nie voor ons aankoms in die hemel voorstel of beskryf nie. Ons tref egter wel telkens in die boek Openbaring die lofsang op die verlossingswerk en die aanbidding van God aan. Ons beskou dit vanuit die genade wat ons hier ontvang en geniet. Ons aardse belewing van die saligheid is, om dit so te stel, klein in vergelyking met die belewing van die volmaakte heerlikheid.*Word vervolg*

Baie geluk met u verjaarsdag

06/07– Erika Ochse 0823364104	12/07– Llewyn Jordaan 0846036144
09/07– Antoinette Kruger 0846460045	12/07– Abrie Möller 0824911445
10/07– Andries Roets 0825860824	12/07– Elize van der Walt 0828011188
12/07– Joey Buys 0837405003	13/07– Laurika Henning 0726580998
	*Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur * 80 jaar en ouer*

Hou moed: die tweede helfte het al 'n helfte agter– die eerste helfte had nog 'n helfte vóór – CJ Langenhoven